# Zuid-Afrikaansche Boer Republieke

# FORMELE KENNISGEWING VAN IDENTITEIT, ONAFHANKLIKHEID EN NIE-VERBONDENHEID

10 Junie 2026 Verw. #: ZABR-Openb_Ken_007

**UITGEREIK DEUR:**

Die Tydelike Adviesraad (TAR) van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR), geadministreer namens die Kollektiewe Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB) ingevolge die Deklarasie van Onafhanklikheid van “100 Man” (12 Julie 2025) en die konsep ZABR Grondwet.

**ONDERWERP:**

**Klaring van Boervolk-identiteit, uitnodiging tot eenheid, en formele nie-verbondenheid met entiteite wat sonder mandaat die Boervolk verteenwoordig.**

**AAN:**

Alle politieke partye, kulturele organisasies, erfenisliggame, bewegings en individue wat beweer om namens die Boervolk op te tree.

## I. DIE MANDAAT

Die Tydelike Adviesraad van die ZABR is die enigste regmatige administratiewe en verteenwoordigende liggaam vir die Kollektiewe Boervolk op die landmassa van Suider-Afrika.

Hierdie mandaat spruit voort uit:

1. Die Deklarasie van Onafhanklikheid van "100 Man" (12 Julie 2025)
2. Die kollektiewe wil van die Boervolk soos uitgedruk in volksbesluite
3. Die historiese kontinuïteit van die Boervolk as afsonderlike volk sedert 1815
4. Die dokumentasie in die Voorlegging aan die *United Nations Permanent Forum on Indigenous Issues* (UNPFII):
    1. *Att B - International Submission on Afrikaner and Boervolk Status*
    2. *Att H - Boervolk Identity Clarification*
    3. *Att O - Contemporary Marginalization of Boer Identity*
    4. *Att R - 1841 International recognition of the Boervolk as a separate sovereign people*
5. Die Boer Verklaring van die Zuid-Afrikaansche Boervolk

Die Boervolk is **nie** verdeeld nie — die Boervolk is een. Enige groep of individu wat aanspraak maak om namens die Boervolk op te tree, word uitgenooi om óf bewys van mandaat te lewer óf hulself te verenig met die Kollektiewe Boervolk onder die ZABR se proses en voorwaardes — nie onder die voorwaardes van 'n derde of eksterne party nie.

## II. DIE HISTORIESE FEIT

**Die Boervolk is 'n afsonderlike volk, los van die breër Afrikaner**. Die Boervolk stam direk af van die Trekboere wat Britse koloniale oorheersing in 1815 verwerp het na die anneksering van die Kaap, Natal en verskeie Boer Republieke en weereens soewereine republieke, die van die ZAR en OVS gestig het. Reeds in 1838, by Bloedrivier, het die Almagtige die Boervolk as volk bevestig. Die Boervolk is reeds in 1841 internasionaal as afsonderlike volk erken in die artikel "*De uit de Kaapkolonie verdryfde Hollandsche Boeren*" (*Hollandsche Persing Magazijn voor de Jeugd*) Die soewereiniteit van die ZAR en OVS is erken deur die Sandrivier- (1852) en Bloemfontein-konvensies (1854). In 1880 het die Almagtige Hemelse Vader weereens die Boervolk as 'n soewereine volk erken en bevestig na hul weereens 'n Gelofte teenoor Hom afgelê het en Hy hul die oorwinning tydens die eerste Vryheidsoorlog te Majuba gegee het.

Die anneksasie van 1902 was 'n eensydige Britse daad van verowering, na die ontdekking van goud en minerale. Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was 'n oorlog om gebied en hulpbronne, nie 'n vrywillige staatkundige inlywing nie.

Op 1 September 1900 het Lord Roberts Proklamasie No. 15 van 1900 uitgereik, waarin die volgende sleutelwoorde voorkom:

> *“WHEREAS certain territories in South Africa, hitherto known as the South African Republic, **have been conquered** by Her Majesty's Forces...”* (Vind volledige Proklamasie in Bylaag A)

Hierdie proklamasie bevestig dat die anneksasie ’n daad van militêre verowering was, sonder die Boervolk se toestemming — die woord "*conquered*" verskyn in die eerste reël en nêrens word die Boervolk se toestemming gevra nie. Die inwoners is bloot verplig om getrouheid aan die Britse Kroon te sweer.

Na die anneksasie het Lord Roberts Proklamasie No. 17 van 1900 uitgereik, wat die erkenning van die voormalige regering van die Suid-Afrikaanse Republiek teruggetrek het. Hierdie proklamasie het beduidende regtelike gewig gedra: in die 1903 Transvaalse hofsaak *Van Deventer v Hancke and Mossop* is daar eksplisiet na Proklamasie No. 17 van 1900 verwys as die instrument waardeur die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek deur Lord Roberts nie meer erken is nie. Die hof het bevind dat na hierdie proklamasie en die anneksasie, die Suid-Afrikaanse Republiek as 'n politieke entiteit opgehou bestaan het en dat Britse howe geen dade van sy voormalige amptenare sou erken nie.

Terselfdertyd het hy ’n proklamasie uitgereik rakende die bedanking van President S.J.P. Kruger, waarin hy self die Britse beleid beskryf het. Die relevante gedeelte van die proklamasie lui as volg:

> *“These means which I am compelled to adopt are those which the customs of war prescribe... They are **ruinous to the country** and entail **endless suffering on the burghers and their families**... And the longer this guerrilla warfare continues, the more vigorously must they be enforced.”*

Hierdie woorde bevestig die doelbewuste verwoesting en lyding wat die Boervolk aangedoen is — "*ruinous to the country*" om *"endless suffering on the burghers and their families*" te veroorsaak. Lord Roberts waarsku uitdruklik dat hoe langer die Boervolk weerstand bied, hoe strenger hierdie maatreëls toegepas sal word. Die konsentrasiekampe wat dieselfde jaar opgerig is, was die direkte toepassing van hierdie beleid van gedwonge onderwerping. Hierdie proklamasie en die gevolglike hofuitspraak bevestig dat die beëindiging van die ZAR 'n eensydige Britse daad was en nie die wil van die Boervolk nie.

**Britse oortredings van die Haagse Konvensie:** Die Haagse Konvensie (1899), **onderteken deur Brittanje**, het uitdruklik mishandeling van vroue en kinders verbied. Tog toon getuienisse binne 'n jaar na ondertekening, sistematiese misbruik, insluitend plundering en vernedering as beleid met die oortreding van Artikels IV, VII, XXVIII, ens. (sien Bylaag B: Uittreksel uit "Konsentrasiekamp-Gedenkreeks" oor Konvensie-oortredings).

Die ZAR en OVS was internasionaal erkende republieke, **nie politieke entiteite nie**. Die Britse Ryk het deur militêre verowering, anneksasie proklamasies en daaropvolgende administratiewe optrede die republieke ontbind. Die burgerlike bevolking is deur die verskroeide-aarde-beleid, konsentrasiekampe en die verwydering van krygsgevangenes diep geraak. Hierdie geskiedenis vorm deel van die gedokumenteerde erfenis van die Boervolk.

Die Verdrag van Vereeniging (1902) het die Boervolk se soewereiniteit onder dwang van militêre besetting beëindig — na die doelbewuste verwoesting van nagenoeg 30,000 plase en die 126+ konsentrasiekampe waarin meer as 36,000 Boervolk-vroue en -kinders en bejaardes gesterf het. **Die Boervolk se soewereiniteit is nie opgegee nie — dit is deur geweld, proklamasie en anneksasie ontneem**.

Die breër Afrikaner het grotendeels die Britse strukture aanvaar en daaronder gedien. Ongeveer 50,000 Afrikaners het die Britte tydens die Anglo-Boereoorlog bygestaan. Hierdie is twee afsonderlike groeperings binne die blanke bevolking van Suid-Afrika, met afsonderlike geskiedenisse, afsonderlike lojaliteite en afsonderlike lotgevalle. Hierdie historiese onderskeid is nie onderhandelbaar nie – om dit te ontken, dra by tot die uitwissing van die afsonderlike identiteit van die Boervolk.

## III. DIE KAPING VAN BOERVOLK-ERFENIS

**Die Boervolk plaas op rekord** dat haar geskiedenis, simbole, lyding en erfenis stelselmatig deur ander bewegings, aksies en entiteite (Sentrale Volksmonument komitee, *Heritage Foundation*, FAK, AfriForum, Afrikanerbond, Boere-Afrikaner Volksraad, Saamstaan, Federale Alliansies, *Cape Independence, United Cape States, Soil of Africa, Die Afrikaner beweging*, Tabok Trust en vele ander) sonder mandaat gebruik word. In hierdie kringe word gereeld na die Boervolk as "Boere-Afrikaner" of net Afrikaners verwys en na die selfbeskikking van die “Boere-Afrikaner Volk”, wat die historiese verwarring tussen die twee groepe veroorsaak en die Boer identiteit uitwis.

Hierdie toe-eiening sal nie verder aanvaar word nie. Die Boervolk het die volle en ononderbroke geskiedenis van die volk gedokumenteer — van die Trekboer-oorsprong, die stigting van die 21 Boer Republieke, die anneksasies, die Anglo-Boereoorlog, die Konsentrasiekampe, die 1914-Rebellie, die Unie van Suid-Afrika en Afrikaner nasionalisme deur die sistematiese absorpsie van die Boervolk-identiteit deur breër Afrikaner-groeperings in die 20ste eeu. Hierdie dokumentasie is as deel van die Boer Herstel- en Waarheid Inisiatief (*Boer Restoration and Truth Initiative*) openlik beskikbaar. Enigiemand wat beweer om deel van die Boervolk te wees of die Boervolk te verteenwoordig, moet sy aanspraak teen hierdie dokumentasie toets.

## IV. DIE BOERVOLK IS INHEEMS

Die Boervolk is nie “blanke setlaars” nie, maar ’n volk met meer as 350 jaar se gevestigde teenwoordigheid, eie republieke, kultuur, taal en regstradisie in Suider-Afrika. **Die Boervolk is ’n inheemse volk van Suider-Afrika**, met historiese bewys van gevestigde en voortdurende

bewoning op haar eie gebied. Op geen stadium was die Boer Republieke ‘n politieke organisasie of entiteit nie, maar ‘n soewereine kulturele administrasie – ‘n internasionaal erkende soewereine volk.

## V. DIE WETLIKE EN INTERNASIONALE GRONDSLAG

Die Boervolk grond haar strewe op Artikel 235 van die Suid-Afrikaanse Grondwet, die VN Verklaring oor die Regte van Inheemse Volke (UNDRIP), die historiese verdrae van 1852 en 1854, en die voorlegging aan die UNPFII (Februarie 2026).

Die ZABR maak gebruik van hierdie verdrae en dokumentasie as bewys van die Boervolk se historiese soewereiniteit, nie as grondslag vir territoriale aansprake onder die huidige staatsreg nie.

## VI. DIE BOERVOLK SE REG OP SELFBSKIKKING EN KULTURELE BESTUUR

Die ZABR oefen tans gesag uit as kulturele administratiewe liggaam en werk aan die registrasie van erfenis, beskerming van simbole, die Boer Herstel- en Waarheid Inisiatief, en interne strukture soos die Tydelike Adviesraad en die Volkshof.

## VII. DIE “100-MAN” KOLLEKTIEWE MANDAAT

Die Zuid-Afrikaansche Boervolk se gesag berus op die Deklarasie van Onafhanklikheid van die Kollektiewe Boervolk, ondersteun deur die mandaat van “100 man”. Enigiemand wat opreg belange het in die volk se sake word uitgenooi om hulself te verenig onder hierdie mandaat van die Boervolk-kollektief, met die Zuid-Afrikaansche Boervolk.

## VIII. FORMELE VERKLARING VAN NIE-VERBONDENHEID

Die Boervolk verklaar hiermee formeel dat:

1. Geen derde party die Boervolk mag verteenwoordig sonder uitdruklike kollektiewe mandaat nie. Geen politieke party, kulturele organisasie, erfenisliggame, bewegings, koalisies, adviesrade of individue mag optree, praat, onderhandel, besluit of verpligtinge aangaan namens die Boervolk sonder die uitdruklike, skriftelike en kollektiewe mandaat van die Boervolk deur die ZABR nie;

2. Geen derde party mag Boervolk-geskiedenis, simbole of lyding vir eie agenda’s gebruik nie. Dit mag nie toegeëien, herinterpreteer of aangewend word deur enige entiteit wat nie die Boervolk se mandaat het nie;

3. **Die Boervolk is nie deel van enige breër “Afrikaner”-groepering nie** en verwerp assimilasie. Die Boervolk is 'n afsonderlike volk met haar eie identiteit, haar eie mandaat, haar eie proses en haar eie stem;

4. Die Boervolk se identiteit word bepaal deur haar vertroue in die Almagtige Hemelse Vader en Sy volledige Woord.

## IX. DIE KERNBELANG

Die hoogste roeping van die Zuid-Afrikaansche Boervolk is die veiligheid, eer en voortbestaan van haar vroue en kinders, en om vir die Almagtige ’n volk te wees. Alles wat die ZABR doen, dien hierdie doel. Geen beweging wat nie hierdie spesifieke beginsels en belang deel nie, het geen aanspraak om die Boervolk te verteenwoordig nie.

## X. DIE WITVLAG-BEGINSEL

Hierdie kennisgewing word uitgereik in die gees van die Witvlag-proses — vreedsaam, te goeder trou en sonder vyandigheid. Die Zuid-Afrikaansche Boervolk **pleit slegs by haar Almagtige Hemelse Vader** vir vryheid, soewereiniteit, selfbeskikking en om vir Hom ‘n Volk te wees.

## XI. RIGLYN EN AFDWING VAN GESAG

Alle entiteite word versoek om:

1. Onmiddellik op te hou met ongemagtigde verteenwoordiging;
2. Die ZABR as die administratiewe liggaam van die Zuid-Afrikaansche Boervolk te erken as die enigste regmatige stem van die Kollektiewe Boervolk;
3. Die historiese en Skriftuurlike onderskeid tussen Boer en breër Afrikaner te respekteer;
4. Indien opreg, hulself te verenig met die Zuid-Afrikaansche Boervolk.

Die ZABR sal sy gesag en die belange van die Boervolk beskerm deur:

1. die uitreik van formele kennisgewings teen enige entiteit wat die Boervolk sonder mandaat verteenwoordig;
2. die formele rekord van Boervolk-erfenisterreine by SAHRA en provinsiale erfenisowerhede;
3. die formele rekord van die ZABR se name, simbole en kulturele uitdrukkinge as handelsmerke;
4. die voortsetting van die Boer Herstel- en Waarheid Inisiatief as openlik toeganklike dokumentasie van Boervolk-geskiedenis en erfenis; en
5. die voortsetting van die voorlegging aan die *United Nations Permanent Forum on Indigenous Issues* ter kennisgewing van die Boervolk se bestaan as 'n inheemse volk onder UNDRIP.

Versuim om hieraan te voldoen, sal geïnterpreteer word as 'n doelbewuste wan-verteenwoordiging van die Boervolk en 'n skending van die kollektiewe regte van 'n afsonderlike volk.

**Voorbehoud van Regte sonder vooroordeel.**

Hierdie dokument verteenwoordig 'n vreedsame, goede-trou uitdrukking van die historiese *Boervolk*, gesamentlik en deursigtig nagestreef deur betrokke volksgenote, en nie namens enige organisasie, politieke liggaam, kommersiële entiteit of eksterne belang nie. Alle verklarings hierin word uitsluitlik in die wettige belang, waardigheid en beskerming van die *Boervolk* self gemaak.

In ooreenstemming met gevestigde Gemenereg-maksimes en internasionaal aanvaarde regsbeginsels, waar geen wettige skade, besering of bewese slagoffer bestaan nie, ontstaan daar geen wettige oorsaak van aksie nie. Gevolglik mag geen jurisdiksie of nadelige regs afleiding wettiglik geheg word sonder 'n behoorlik gevestigde en wettige regs oorsaak van aksie nie.

Niks in hierdie dokument sal geïnterpreteer word as 'n afstanddoening van regte, onderwerping aan onwettige jurisdiksie, of toestemming tot onredelike of onregverdige prosesse nie. Alle regte, regsmiddels en wettige beskerming word uitdruklik sonder vooroordeel voorbehou. Hierdie dokument bevestig respek vir wettige gesag, behoorlike proses, menswaardigheid en vreedsame oplossing onder erkende regs standaarde.

Hierdie kennisgewing word in vrede uitgereik as deel van die Witvlag-proses.

**Geteken te goeder trou vir en namens die Boervolk-kollektief deur die ZABR Tydelike Adviesraad:**

..................................................

/s/ **Wicus** van die familie **Schoeman**

**Voorsitter**, Tydelike Adviesraad

..................................................

/s/ **Isaac** van die familie **van Heerden**

**Sekretaris-Generaal**, Tydelike Adviesraad

..................................................

/s/ **Rudolph** van die familie **van Jaarsveld**

**Hoof Reg-Bemiddelaar**, ZABR Volkshof

**BYLAAG A: BRITSE PROKLAMASIES EN BRONNELYS**

**1. Lord Roberts Proklamasie No. 15 van 1900 (1 September 1900)**

"*WHEREAS certain territories in South Africa, hitherto known as the South African Republic, **have been conquered** by Her Majesty's Forces, and it has seemed expedient to Her Majesty that the said territories should be annexed to, and should henceforth form part of Her Majesty's dominions,*

*Now, therefore, I, Frederick Sleigh, Baron Roberts of Kandahar and Waterford, K.P., G.C.B., G.C.S.I., G.C.I.E., V.C., Field-Marshal, Commanding-in-Chief of Her Majesty's forces in South Africa, by Her Majesty's command, and in virtue of the power and authority conferred on me in that behalf by Her Majesty's Royal Commission, dated the fourth day of July, Nineteen Hundred, in accordance with Her Majesty's instructions thereby and otherwise signified to me, do proclaim and make known that, from and after the publication hereof, the territories known as the South African Republic are annexed to and form part of Her Majesty's dominions, and that, provisionally, and until Her Majesty's pleasure is fully known, the said territories will be administered by me with such powers and authorities as are by the said Royal Commission conferred upon me.*

*And I hereby call upon and require the inhabitants of the said territories to take the oath of allegiance to Her Majesty and to submit to Her Majesty's authority.*

*Given under my hand and seal in South Africa, in the said of September, in the year of at Headquarters of the Army territories, this first day our Lord nineteen hundred.*

*ROBERTS,*

*Field-Marshal, Commanding-in-Chief, Her Majesty's Forces in South Africa.*"

**2. Die relevante gedeelte van Lord Roberts Proklamasie No. 17 van 1900 rakende die beleid van verwoesting**

"*I should be failing in my duty... if I neglect to use every means in my power to bring such irregular warfare to an early conclusion. These means which I am compelled to adopt are those which the customs of war prescribe as being applicable to such cases. They are **ruinous to the country** and entail **endless suffering on the burghers and their families** as well. And the longer this guerrilla warfare continues, the more vigorously must they be enforced.*"

**Bronne:**

- Proklamasie No. 15 van 1900: Volle teks oorgeskryf vanaf argief
- Proklamasie No. 17 van 1900: Verwys in *Van Deventer v Hancke and Mossop* (1903)
- Proklamasie aangaande President Kruger: Getranskribeer deur Fanie van Jaarsveld, 13 Junie 2026, Durban, KwaZulu-Natal

## BYLAAG B: UITTREKSEL UIT KONSENTRASIEKAMP-GEDENKREEKS OOR KONVENSIE-OORTREDINGS

### AFDELING B

### WANDADE GEPLEEG OP VROUE EN KINDERS - BEËDIGDE VERKLARINGS

### 1. Inleiding

In sy werk, *Met de Boeren-commando's*, skryf ds. J.D. Kestell in sy hoofstuk "*Het vrouwenoorlog*" soos volg: "*Gedurende den korten rusttijd in den omtrek van Reitz, waar President Steyn en Rechter Hertzog bezig... te schrijven aan die Vorsten van Europa en den President der Vereenigde Staten van Amerika, inhoudende een uiteenzetting van onzen toestand, en vragende of zij hun invloed niet konden doen gelden in belang der Boeren; vooral op punten, die betrekking hadden op de regelen van beschaafd oorlogvoeren en op de vastgestelde beginselen van het volkenrecht, welke beide gruwelijk verontachtzaamd werden door Engeland in zijn strijd met ons*..."[1]

Die Haagse Konvensie van 1899 het tot stand gekom as gevolg van die behoefte wat in die negentiende eeu gevoel is om oorlogvoering op 'n meer beskaafde grondslag te plaas. Die doel met die Haagse Konvensie was om die euwels van oorlogvoering te verminder en om as algemene reëls van optrede vir militêre magte teenoor mekaar en teenoor bevolkings te geld.[2] **In November 1899 het Groot-Brittanje hierdie konvensie amptelik goedgekeur**.[3] Wat gevalle betref wat nie spesifiek deur die bepalings van die Konvensie gedek is nie, lui die Konvensie soos volg:

"In gevalle waarvoor nie in hierdie regulasie voorsiening gemaak word nie, bly die bevolkings en die oorlogvoerendes party onder die beskerming en geldingsgebied van die beginsels van die internasionale reg, soos dit voortvloei uit die gebruike gevestig tussen die beskaafde volkere uit die wette van die mensdom en die vereistes van die openbare gewete."[4]

Die doel van hierdie bepaling was om te voorkom dat militêre aanvoerders in gevalle wat nie spesifiek deur die Konvensie gedek word nie, hul eie arbitrêre oordeel gebruik.[5]

Verskeie bepalings van die Konvensie het spesifiek op **die onmenslike behandeling en fisiese benadeling van die bevolking betrekking gehad en die beskerming van persoonlike besittings en eiendom as doelwit gehad**.

Die belangrikste bepalings in hierdie verband was artikels IV, VII, XXVIII, XXV, XLIV, XLVI, XLVII en L van die Konvensie.[6]

Artikel IV het bepaal dat krygsgevangenes menslik behandel moes word en dat hul persoonlike besittings, behalwe wapens, perde en militêre dokumente hul eiendom bly.

Artikel VII het die plig op die regering in wie se hande krygsgevangenes val, geplaas om hulle te onderhou. In die afwesigheid van 'n spesiale ooreenkoms tussen die

oorlogvoerendes party het die plig op oorlogvoerendes gerus om krygsgevangenes ten opsigte van voedsel, huisvesting en kleding op gelyke voet te behandel met die troepe wat hulle gevang het.

Artikel XXVIII het uitdruklik die plundering van 'n stad of plek verbied, selfs al is dit stormenderhand ingeneem.

Volgens artikel XXV was dit verbode om stede, nedersettings, wonings of dorpe wat nie verdedig word nie, aan te val of te bombardeer.

Ingevolge artikel XLIV is enige dwang om die bevolking van 'n besette gebied tot militêre operasies teen sy eie land oor te haal, verbied.

Artikel XLVI het uitdruklik daarvoor voorsiening gemaak dat familie-eer en -regte, individuele lewens en private eiendom, sowel as godsdienstige oortuigings en vryheid gerespekteer moes word en dat private eiendom nie gekonfiskeer mag word nie.

Ingevolge artikel XLVII is plundering uitdruklik verbied.

Artikel L het verbied dat 'n algemene straf, geldelik of andersins toegepas kon word op 'n bevolking as gevolg van dade van individue waarvoor die bevolking nie kollektief verantwoordelik gehou kon word nie.

Ten spyte van hierdie reëls met die oog op beskaafde oorlogvoering, **het die Britse magte feitlik elkeen daarvan na willekeur oortree en die bevolking aan skandelike en swak behandeling blootgestel**.[7] Die eiendom van die burgerlike bevolking is op groot skaal geplunder, vernietig en weggevoer, huise is afgebrand, met dinamiet opgeblaas, doelbewus afgetakel of aan bombardemente en kleingeweer vuur blootgestel.[8]

Respek vir persoonlike vryheid, lewe en fisiese integriteit het tot ongekende laagtes gedaal. **Vroue is gedreig, gevloek, aangerand en verkrag, terwyl kinders dikwels op 'n onsimpatieke en selfs brutale wyse behandel is**.[9]

Ds. Kestell vervolg met dit wat reeds hierbo aangehaal is: "*Tegelykertyd beïnvloedde zich Rechter Hertzog beëdigde verklaringen te verzamelen van vrouwen en anderen, die onder de barbaarscheden der Engelse soldaten en der swartes in dienst des vijands geleden hadden. Ik kreeg inzage in deze verklaringen en moet het erkennen dat ik nooit treuriger lezensstof had*." Hy het self in die onderhawige hoofstuk "*een en ander*" uit die verklaringe aangeteken.

Die beëdigde verklaringe van persone - meesal vroue - wat tydens die oorlog ingewin is om die brutaliteit teenoor vroue en kinders aan die kaak te stel, is uit Nederlands vertaal, sonder om die strekking of inhoud daarvan te verander.

Uit hierdie verklarings kan 'n beeld gevorm word van die mate waartoe **die Britse magte die reëls van die Haagse Konvensie oortree het**. Die bewoording van sommige verklarings moes geparafraseer word vanweë die skokkende, onsmaaklike en

weersinwekkende gebeure wat daarin beskryf word. In sodanige gevalle is parafraserings met 'n asterisk aangedui.

[1] Kestell, J.D., **Met de Boerencommando's**, p. 200.

[2] Sien W.T. Stead, **Methods of Barbarism**, pp. 16 e.v.

[3] Sien W.T. Stead, **Methods of Barbarism**, pp. 5 e.v. en J. Ploeger, **Die Lotgevalle van die Burgerlike Bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902**, dl. 3, pp. 26 t 4 e.v.

[4] **ibid**., p. 17

[5] **Idem**.

[6] Vir die inhoud van hierdie bepalings, sien **Ibid**., pp. 16,31 en E. Hobhouse, ***Die Smarte van die Oorlog***, xiii-xiv.

[7] Sien C. Boissevain, **De Wet der Natien en de Wet der Menschelijkheid** : J.M. Robertson, **The Truth about the War** en J.H. Breytenback, **Die Betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog**, pp. 18, e.v.

[8] Sien afdeling B **Infra**.

[9] Vgl. **ibid**.

## Bronne


- Konsentrasiekamp-Gedenkreeks (Oorlogmuseum van die Boer Republieke).